TEKS 1 RESENSIE

Kies 'n boek: In my vel

Willie Burger kyk met opwinding na Azille Coetzee se In my vel.

1 Die eerste sinne wat ek oor Azille Coetzee se *In my vel* skryf, lyk vir my heeltemal té lofprysend. Ek vee hulle liewers uit. 'n Resensent kan geloofwaardigheid inboet deur 'n debuutwerk té positief te beoordeel. Ek sukkel egter om my resensie op 'n ander manier te begin, want 'n mens lees nie elke dag hierdie soort boek raak nie.

2 Ek onthou dat ek in 1990 'n soortgelyke reaksie op Rian Malan se *My traitor's heart* gehad het. Malan het grootgeword in Suid-Afrika, in die VSA gaan woon en uiteindelik besluit om terug te keer. Sy siening van die bloedige Suid-Afrikaanse geskiedenis en sy eie lewensreis het dit verpligte leesstof vir alle wit Suid-Afrikaners gemaak. Dit het so baie van my gevoelens onder woorde gebring en my talle insigte in die land se verlede gegee.

3 Azille Coetzee se boek sluit by hierdie soort "reisboek" aan. Dit is geen poging om die persoonlike ervaring agter fiksie te versteek nie, maar 'n eerlike biografiese werk – in ons tyd van "*reality hunger*" maak dit 'n sterker impak as baie fiksiewerke.

4 Coetzee vertel 'n boeiende verhaal van haar verblyf in Nederland. Sy ontvang 'n beurs om vir 22 maande daar te studeer, maar sy hoop heimlik om nie weer terug te keer nie.

5 Elke hoofstuk het die vorm van 'n goedgeskrewe essay. Telkens word 'n spesifieke persoonlike ervaring beskryf, soos 'n misverstand met taal, 'n fietsrit in die reën, 'n museumbesoek of die manier waarop Nederlanders "kuier". Die alledaagse gebeurtenisse laat haar nadink oor aspekte soos identiteit, wat dit beteken om wit en Afrikaans en Suid-Afrikaans te wees, om middelklas te wees, om vrou te wees.

6 Coetzee se prestasie is egter dat sy dit regkry om hierdie abstrakte nadenke so spontaan en boeiend in 'n groter verhaal in te werk dat dit nooit soos filosofie voel nie.

7 Dit is haar fyn waarnemingsvermoë wat die werk so treffend maak. Die aandag aan detail wat veel meer as die raaksien van subtiele verskille tussen Nederland en Suid-Afrika is, is haar sterkste wapen. Deur die klein dingetjies raak te sien en raak te beskryf, word die vanselfsprekende beskouings telkens anders belig. Ons opvattings – oor mense, Afrika of Europa, swart of wit, politieke stelsels, die ekonomie of die geskiedenis – word deur veralgemenings bepaal. Wanneer Coetzee op die besondere fokus, is dit nie meer moontlik om so gemaklik met die veralgemenings om te gaan nie.

8 Ons idees oor die wêreld, oor kolonisering en die gevolge daarvan, oor politieke en ekonomiese strukture word fyn verwoord soos wat dit uit mense se optrede en uit weggooisinne van mense wat sy ontmoet, afgelei kan word. Die uitmekaarhaal daarvan word so gemaklik gedoen dat dit nie naastenby voel soos 'n filosoof se analise van groot idees nie, maar soos 'n boeiende liefdesverhaal.

9 Aanvanklik het ek die boek teësinnig opgetel, want ek het self 'n ruk in Nederland gewoon. Ek was bang vir al die cliché-ervarings en verskilletjies wat beskryf gaan word. Gou het my weerstand oorgegaan in jaloesie – dat ek nie ook so aan al die dinge gedink het nie, dat my ervarings nie ook tot hierdie gewaarwordings kon lei nie. Maar weerstand en jaloesie moes ná 'n klompie bladsye plek maak vir bewondering dat so 'n jong mens so krities met haar identiteit, haar eie hart en geskiedenis kan omgaan, sonder om van enige ongemak weg te skram; om uit al die ervarings tot ruimer insig te kan kom. En dit boonop so lekker meesleurend te vertel.

IEB Copyright © 2021

10 Uiteindelik bied Coetzee 'n manier waarop in hierdie land ook deur jongmense gedink en geleef kan word. Die boek behoort vir alle wit Afrikaanssprekendes voorgeskryf te word, want selde is daar op so 'n helder manier, so eerlik, oor die identiteit van Afrikaners, juis op hierdie tydstip, nagedink.

[Verwerk uit: Burger, Willie. 2020. Kies 'n boek: In my vel. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.vrouekeur.co.za/nuus-vermaak/kies-n-boek-in-my-vel>. Datum van toegang: 14 April 2020]

IEB Copyright © 2021

TEKS 2 RUBRIEK

Huwelik aan't steier oor gewraakte naam

deur Marné Pienaar

1 Die huurmotorbestuurder is moedeloos. Sy seun se huwelik is op die rotse, want sy skoondogter weier om bes te gee oor die kleindogter se naam.

2 Ek ys, want mense kan vir hulle kinders liederlike name gee. So is daar Onex – hy het "onexpected" (*sic!*) opgedaag.

3 'n Mens weet eintlik hoe Dashing en Mooiding vir hulle ouers gelyk het. Hashtag se ouers het gehoop hy gaan menings op sosiale media vorm.

4 Iewers het 'n egpaar besluit hulle benoem hul kinders alfabeties: Anette, Babette, Colette en, wel, Daan.

5 Daar is modeneigings in naamgewing en gesonde verstand voer nie altyd die botoon nie. Ses jaar nadat 'n gewilde TV-reeks of -sepie Suid-Afrika tref, sit die gr. 1-klas vol kinders met die name van die karakters.

6 Tydens die koronaviruspandemie van 2020 is 'n Indiese tweeling Corona (die meisie) en Covid (die seun) genoem. Gelukkig was dit tydelike name: Indiese babas kry eers op ses maande hulle permanente name.

7 Toe die Afrikaanse vernoemingstradisie nog getrou nagekom is, het dit eindelose verwarring veroorsaak. So was daar in een geval vier Jan Hendrikke in een gesin (die pa en al drie sy seuns), plus twee oupas wat ook Jan Hendrik heet.

8 Al raad was byname. Jan Dorp, aangesien hy op die dorp bly. Jan Pampoenvlei, na die plaas waar hy boer. Jan Aletta, want hy is met Aletta getroud. Klein Jannie, die oudste van die drie kinders; Jan Pampoen omdat hy na sy oupa Jan Pampoenvlei vernoem is; en dan Nogge Jannie.

9 Met dit alles in gedagte vra ek die huurmotorbestuurder na die gewraakte naam van die kleindogter wat nou glads 'n huwelik aan die steier het.

10 "Isabella," sê hy vies.

11 "Huh?"

12 "Presies," beaam hy.

[Verwerk uit: Pienaar, Marné. 2020. Huwelik aan't steier oor gewraakte naam. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/huwelik-aant-steier-oor-gewraakte-naam-20200306>. Datum van toegang: 14 April 2020]

IEB Copyright © 2021

TEKS 3 TYDSKRIFARTIKEL

Tyd met Aleit

*Die aanbieder geliefd as Aleit, vier al twee dekades as geleentheidsbeplanner en maak dalk binnekort sy buiging as akteur, skryf **Maryke Roberts**.*

1 Aleit Swanepoel werk om *Tyd met Aleit* se vyfde seisoen te verfilm en 'n tak van sy opleidingskool vir geleentheidsbeplanners is in Mauritius gevestig. Hy is besig.

2 'n Mens kan nie glo hy het op 45 al soveel bereik nie. Sy onderneming, die Aleit Groep, bestaan tans uit twaalf vertakkings, waaronder 'n spyseniersafdeling, 'n restaurant en 'n onthaallokaal in 'n groot Kaapstadse kunsmuseum.

3 Hy is in KwaZulu-Natal gebore, die seun van 'n konstruksiewerker. Uiteindelik het sy ouers in die Strand 'n tweedehandsemeubelwinkel geopen. Op 14 het hy al geleer hard werk en homself belowe hy sal op 32 'n maatskappydirekteur wees – min wetende dit sou sy eie maatskappy wees!

4 Hy wou op Stellenbosch matrikuleer en moes self die skool- en koshuisgeld betaal met werk as kelner en klavierspeler in restaurante. Ná skool is hy oorsee, ook met selfverdiende geld. Sy droom om oorsee te werk het egter nie gerealiseer nie: toe hy eendag besef hy verkoop kinderrekenaars van deur tot deur in Londen, het hy besluit om iets meer bevredigends met sy lewe te doen.

5 Hy het restaurantbestuurder by 'n Kaapstadse hotel geword en saans deur UNISA 'n BCom-graad voltooi. Later het hy by die Oude Libertas-kompleks op Stellenbosch geleenthede soos troues en onthale beplan. Hieruit het sy eie onderneming ontwikkel.

6 Deesdae bied sy maatskappy nie alleen asemrowende funksies aan nie, maar sy opleidingskool help die nuwe geslag geleentheidsbeplanners slyp aan hulle vaardighede. Na vele televisie-optredes is die plan gebore om sy eie reeks aan te bied. So het Aleit diep in die harte van Suid-Afrikaners gekruip.

7 Dramaklasse by Elsabé Daneel het sy aanbiedingsvermoëns verbeter; vir die uitdaging om akteur te word, het hy sewe Saterdae om 4 vm opgestaan sodat hy Johannesburg toe kon vlieg vir toneelklasse by Brümilda van Rensburg. Haar voorstel was dat Suid-Afrikaanse televisiekykers hom te veel met sy program assosieer – hy moet hom toelê op teater en rolprente.

8 Besig is Aleit beslis. Ook kreatief, inspirerend, lief vir mense wat spanwerkers is. Ons het sekerlik nog nie die einde van sy talente beleef nie!

[Verwerk uit: Roberts, Maryke. 2019. Tyd met Aleit. In: *Vrouekeur*, 4 Oktober 2019: 10]

IEB Copyright © 2021

TEKS 4 VOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG

DIE BOKSER

Die grense van die klein kryt
is hellende onvastigheid,

waar wit bors fier teen wit bors staan
en skim teen skim die skynhou slaan;

die lyf word wieging – ritmies, sterk –
tot skerm en liemaak ingeperk;

vier donker oë blits fel en woes,
wyl twee gedaantes mik en koes;

maar elk groteske vuis se smak
laat lis en weerstand verder knak ...

die liggaam is so rank gebou
en weerloos teen dié man se hou;

tog sal my mokerslag hom tref
waar hy hom vaag en grynsend hef,

sy beeld versplinter in die glas
waar netnou my gestalte was;

'n flikker-weerskyn word verskerf,
'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...

Wie is die man wat roerloos lê,
wie 't 'n bekende naam gesê?

Waarom die skaar aan 't roep en fluit,
en waarom flakker ligte uit ...?

Ernst van Heerden

[Oorspronklik uit die bundel *Verklaarde nag* (Nasionale Pers, 1946). Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel 1*. Kaapstad: Tafelberg: 306]

IEB Copyright © 2021

TEKS 5 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

HERINNERING

As kind het 'k eens die maan se ronde skyf
langsaam sien uitswel bo die silwer vlei
om saggies soos 'n seepbel weg te dryf
en tussen yl popliere in te gly.

Agter my in die donker was 'n raam
vol lig en mensestemme en gelag
en ín my angs en weekheid sonder naam
terwyl ek op die maan se loskom wag.

Die res is alles duister en verward ...
Van tak tot tak het hy gewieg ... ek weet
nog net dat die gekneusde gras se geur
soos naeltjies was en dat ek skielik seer-
gekry het van die inkrimp van my hart
en met my pols die trane weggevee 't.

Elisabeth Eybers

[Oorspronklik uit die bundel *Die vrou en ander verse* (Constantia, Jhb en J.H. de Bussy, Pta, 1945). Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel 1*. Kaapstad: Tafelberg: 229]

IEB Copyright © 2021

TEKS 6 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

TELKOM-GESPREK MET MY MA (2)

My liewe Ma, ek probeer maar weer vanaand. Kan jy
my hoor? Dis nou Dinsdag hier; ek probeer maar weer;
gistraand is ons mos afgesny. Dit raas nog, Ma – is dit jy?
Nee, lyk my nie – oukei, sal weer ná die nuus probeer.

Daar's dit nou, stukke beter! Nee, ek hoor jou goed. Lyk
vir my hulle wil ons nie – ag nee wat, Ma, dis net – hoe nou?
Ja, die ouens kap nou om. Ou Ernst het toe ook gaan kyk
hoe dinge daaikant lyk. Sê maar groete, ás die ou onthou.

Nee, ek sit maar diékant en ek dink: Hoe lank het dit gevat
om mekaar gewoond te raak; die stem en so, om plek te kry
vir elkeen in jou kop en binnegoed. Dan gee almal skielik pad,
asof dit 'n dagbesoekie was. Los jou sommerso, asof jy –

Wat? Nee God, my Ma! Nie nou al nie! – 'n mens moet –
eers regmaak hier. Jy weet mos. Dit vat lank om te groet.

Lucas Malan

[Oorspronklik uit die bundel *Afstande* (Protea, 2002). Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel 3*. Kaapstad: Tafelberg: 906]

IEB Copyright © 2021

TEKS 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG

ons wag
jy op die voorstoep
ek op die bank
die kind moes al hier gewees het

ons wag
dis al oor een
sy gesig dryf aan alle kante verby
... dit kan tog nie
om hom lief te hê gaan ons tog weer kans kry

ons wag
die nag uit
dis na twee
lê hy êrens ...

my binnekant soos 'n rubberhandskoen
oor en oor en oor oor die vrees gepluk

motorligte val die straat binne
ligte, honde
die hekkie piep
staan hy in die deur
ligte oë sweetpak
toksak oor die skouer

(herhaaldelik deurboor
met die stomp applecorer van vrees

al wat help, is as God genadig wees)

my derde kind salig wederborene aan ons

Antjie Krog

[Bron: Krog, Antjie. 1995. *Gedigte 1989–1995*. Groenkloof: Hond.]

IEB Copyright © 2021

TEKS 8 SPOTPRENTE

TEKS 8A



[Bron: Mouton, Fred. 2020. Die aarde en Covid-19 [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/Stemme/Spotprente/die-burger-spotprent-31-maart-2020-20200330>. Datum van toegang: 13 April 2020]


TEKS 8B



Bron: Mouton, Fred. 2020. Alkohol of handsaniteerder? [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/Stemme/Spotprente/die-burger-spotprent-2-april-2020-20200401. Datum van toegang: 13 April 2020.04.13

IEB Copyright © 2021

TEKS 9 INFOGRAFIKA



[Bron: Laaste sê: Kyk vir jou! 2020. In: *Kook en kuier*, Januarie/Februarie 2020: 90]

IEB Copyright © 2021